

PRELAC



DRYTECH



PASTURED DRY



Supplement vir suiwelkoeie tydens oorgangsfase

AFGRI SE OORGANGSFASE PRODUKTE:

Die oorgangsfase van 'n suiwelkoei is vanaf 3 weke voor kalwing tot ongeveer 42 dae na kalwing. Korrekte voedings praktyke tydens hierdie fase is baie belangrik vir die koei om haar genetiese potensiaal in die daaropvolgende laktasie te bereik. Korrekte voeding het 'n baie groot effek op droëmateriaal inname, weerstand teen siektes, vrugbaarheid so wel as melkproduksie na kalwing. Navorsing bewys dat droëmateriaal inname 1 dag voor kalwing direkte gekorreleerd is met DMI 21 dae na kalwing.

Voordele van AFGRI oorgangsfase produkte

- AFGRI Oorgangsfase Produkte is geformuleer met hoë kwaliteit grondstowwe.
- AFGRI Oorgangsfase Produkte is baie smaaklik.
- AFGRI Oorgangsfase Produkte bevat anioon soute.
- AFGRI Oorgangsfase Produkte bevat hoë vlakke aminosure, vitamene en minerale om oorgangskoeie se prestasie te verbeter.
- AFGRI Oorgangsfase Produkte bevat medikamente, giskulture, ensieme, ionofore ens.



VOERINSTRUKSIES

1. Hierdie veevoer moet nie onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoer gevoer word nie. Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegniese Adviseur.
2. Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. Ureum is water-oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
3. Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Behandeling: Meng met gelyke hoeveelhede water en doseer 'n halwe bottel per kalf of groot skaap en 2 tot 4 bottels per bees (1 bottel = 750ml).

ALGEMENE RIGLYNE:

1. Grondstowwe en ruvoere wat hoë vlakke van Kalium bevat (bv. Lusern en Molasse) moet verkieslik vermy of beperk word in diëte van koeie 21 dae voor kalwing. Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegniese Adviseur vir die nodige aanbevelings.
2. Ruvoer kwaliteit en tipe bepaal die tipe en hoeveelheid energie konsentraat wat koeie tydens die periode voor kalwing moet ontvang.
3. Skoon, vars drinkwater moet ten alle tye beskikbaar wees.
4. Koeie moet toegang tot skaduwee hê.
5. Plasingsdigtheid en vreetspasie tydens die oorgangsfase moet nie 80% oorskry nie.
6. Goed gebalanseerde rantsoene tydens die oorgangsfase voorkom asidose by koeie vars in melk as gevolg van lae droëmateriaal inames die eerste 21 dae na kalwing.
7. Volg 'n behoorlike veeartseny protokol gedurende die oorgangsfase om koei gesondheid te monitor (10 dae voor tot 10 dae na kalwing).
8. Sout bevattende lekaanvullings moet verkieslik nie aan koeie 21 dae voor kalwing gevoer word nie. Dit het 'n negatiewe invloed op die werking van anioon soute in die oorgangsrantsoene.

Vorm: Meel
Verpakking: 40kg Sakke

SAMESTELLING	Dry-Tech	Pasture Dry	Prelac	Reserve Booster **
Klas:	Gekonsentreerde Droë Koei en Anioniese Soute			Gekonsentreerde Droë Koei
Registrasie Nommer:	V3974	V23409	V23416	V23275
AFGRI Produk Kode:	R1001	R1002	R1004	R1003
Nutriënt	g/kg	g/kg	g/kg	g/kg
Ruproteïen (min.)	190	120	270	170
Ruproteïen vanaf NPN (maks.)	41.34%	53.49%	29.09%	42.21%
Ureum (maks.)	10	5	10	25
Ander NPN (maks.)	32.5	32.5	32.5	
Vog (maks.)	120	120	120	120
Ru-vet (min.)	25	25	25	25
Ru-vet (maks.)	75	85	85	100
Ruvesel (maks.)	120	120	120	120
Kalsium (min.)				6.5
Kalsium (maks.)	3	3	3	15
Fosfor (min.)	5	5	5	4

** Reserve Booster kan as supplement vir droë koeie gebruik word tot 21 dae voor kalwing.

AANBEVOLE INNAME	
Groot Raam Rasse	Voer 4.0 tot 5.0 kg per dag plus 10-12kg mieliekuilvoer (33% DM) en goeie kwaliteit ruvoer <i>ad lib.</i> *
Klein Raam Rasse	Voer 3.0 tot 3.5 kg per dag plus 10-12kg mieliekuilvoer (33% DM) en goeie kwaliteit ruvoer <i>ad lib.</i> *

*Mieliekuilvoer kan met goeie kwaliteit hooi en ander beskikbare energiebronne vervang word. Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegniese Adviseur vir die nodige aanbevelings.

WAARSKUWING

Hierdie veevoer bevat 'n NPN bron en geregistreerde medikamente. Voer streng volgens instruksies.